# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 251
12 Junie 2026

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel:** **Dit was nie net statistiek nie.**
**Berigte:** **Kennisgewing - Geloftedag 2026**
**Litigasie**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Dit was nie net statistiek nie.**
Op 16 Junie 2026 sal dit **een** honderd ses en twintig jaar wees sedert die begin van die verskroeide aarde beleid (16 Junie 1900) wat deur Roberts en later Kitchener toegepas is. Dit het nie eensklaps gebeur nie.

Aanvanklik was die opdrag dat die plase naaste aan enige aanval op die spoorlyn (die Boere het die Britte op die spoorlyne aangeval om hulle logistiek onder druk te plaas, dit het hulle gedoen deur treine met Britte op aan te val en spoorlyne te ontspoor) vernietig moes word (16 Junie 1900). Dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie. In September 1900 het Roberts hierdie proklamasie uitgebrei en bepaal dat alle plase binne 'n radius van 16 km (10 myl) van sodanige aanval vernietig moes word.

Kitchener het hierdie beleid baie erger toegepas en in Maart van 1901 bepaal dat alle plase afgebrand moes word. Die vroue en kinders wat op die plase gewoon het, moes na sogenaamde "vlugtelingkampe" meer as 45 van die kampe) vervoer word. Meer as 116 000 kinders en vroue is na hierdie kampe geneem. In die konsentrasie kampe was daar twee groepe; die gesinne van die mense wat oorgegee het, en die families van boere wat steeds in die oorlog betrokke was. Laasgenoemde is die "*undesirables*" genoem. Hierdie groep het minder rantsoene as die ander gekry.

Op 31 Mei 1902 het hierdie onmenslike beleid tot 'n einde gekom met die ondertekening van die Vrede van Vereniging. Hierdie beleid wat vir een jaar en elf maande gegroei het en al hoe wreder toegepas is, het 'n spoor van vernietiging gelaat.

Meer as 40 dorpies is totaal of gedeeltelik vernietig. Meer as 30 000 plaashuise en opstalle is verbrand. Meer as 4 miljoen skape en beeste is gekonfiskeer of geslag. 'n Geraamde 28 000 vroue en kinders is dood onder haglike omstandighede, meer as 80% van hulle onder die ouderdom van 16 jaar.

Ons sou die leser lank besig kon hou met gru-statistieke en feite. Die aanhaal van feite kan in dieselfde slaggat val as die Britte wat aan hierdie vergrype skuldig is. Dit is die fout om die feite en statistieke as objektiewe dinge te sien. Ons raak verwyderd van die geleefde brutaliteit van ons voorsate wat in eie wese, aan eie lyf, hierdie aanslae ervaar het. Ons dehumaniseer die geskiedenis. Dit is wat die Britte met ons mense gedoen het om hulle optrede in oorlog te regverdig. Hulle het lewe persone, boere vroue en kinders, gedehumaniseer.

Dehumanisasie: Deur iemand te dehumaniseer en tot 'n negatiewe skeldnaam te reduseer, word dit makliker om die persoon te mishandel en verneder sonder om sleg te voel. Noem iemand monster, skurk, "*Dutchman, undesirables, Rockspider,*" Boer of iets dergeliks en daar is afstand en word dit maklik om mense

onmenslik te behandel, en dit dan ook te regverdig. Ander tegnieke van dehumanisering is ook gevolg: So byvoorbeeld het die Britte die gemiddelde sterftesyfer (ongeveer 274 per 1000 per jaar) afgemaak as vergelykbaar met die sterftesyfer van mense in industriële stede in Engeland (ongeveer 16-20 per 1000 per jaar). Die debat het dan (tot hulle gemak) verskuif na statistiek.

Daarmee saam is dehumanisering ‘n instrument wat vooroordeel kan vestig. Deur die Boere te reduseer tot ‘n negatiewe etiket, kon die destydse owerhede maklik ‘n narratief voorhou wat die Britse bevolking se steun verseker het.

Aan die ontvangkant van hierdie dehumanisering kan dit lei tot angs, ‘n slegte selfbeeld, geestelike uitputting en ‘n verlies aan veiligheidsgevoel wat naas lug, kos en water onderaan Maslow se behoefte-hiërargie val. Dit alles het die Boerevolk ervaar, maar nie toegelaat om dat dit hulle te vernietig nie. In die langtermyn het dit nie konflik aangewakker nie. Die Boere het hulle empatie behou en opgestaan en krisis na krisis deurleef.

Hierdie vertelling het nie ten doel om nuwe haat te kweek of ou haat aan te blaas nie. Die verlede hoort agter ons, en tog is elke herdenking ‘n oproep om die verlede weer in oënskou neem. Hierdie herinnering kan nie koud en klinies wees nie. Sonder om in irrasionele woede te verval, moet ons die lyding van ons mense in herinnering roep. Saam met hulle trane stort. Saam met hulle verlate en verneder voel.

Konsentrasiekampdag moet die menslikheid van hulle lyding in ons eie menswees wakker maak. Dit was Emily Hobhouse se pogings om gesigte aan die blote feite te gee, wat in Brittanje ‘n groot verskil gemaak het. Ons moet ons voorsate se gesigte raaksien, hulle stemme hoor en hulle hartklop in onsself voel.

Ons is weer in ‘n situasie waar ons as volk gedehumaniseer word deur na ons as *"settelaars"* en *"kolonialiste"* te verwys terwyl die geskiedenis juis die teenoorgestelde aantoon met Konsentrasiekampdag as herinnering van ons stryd teen die Britse kolonialiste.

Net soos met die Voortrekkers en Boere in hulle stryd teen die Britte, is ons hoop nie op menslike "redders" nie en bly ons vertroue in God.

Daarom kan ons hande vat en met dieselfde durf en moed as ons voorgeslagte ook die toekoms aandurf.

Johan Otto

## BERIGTE

**KENNISGEWING – Geloftedag 2026**

Vir die gewone leser mag dit voortydig skyn te wees. Diegene betrokke by die reël van die jaarlikse Geloftedag vieringe weet die sprekers en predikante moet nou reeds genader en bevestig word. Daar is tientalle terreine waar hierdie belangrike dag in ons jaar met eerbied en respek aangebied en bygewoon word. In November se uitgawe sal ons poog om die feeste, sprekers en terreine aan ons lesers bekend te stel. In ‘n poging om besture te ondersteun, wil KOERSVAS geleentheid gee aan dorpe en komitees om hulle behoeftes in terme van sprekers en predikante/ouderlinge bekend te stel. Al is predikante nederig, is dit een geleentheid waar hulle met vrymoedigheid hulle dienste beskikbaar stel. Daar is ook sprekers wat Geloftedag eerbiedig en in hulle toesprake met die hart van ons volk kan praat. U word versoek om uself beskikbaar te stel.
Balmoral het laat weet dat hulle graag iemand uit die GHG sou wou gebruik om die diens te lei. Kontak *johan.otto@geloofsbond.org.za* met die behoeftes, versoeke en u beskikbaarheid. Hierdie is die laaste geleentheid vir komitees en gemeentes om van hulle te laat hoor.

**Litigasie**
Hiermee bevestiging dat die saak tussen GHG gemeentes en die NHKA op 9 - 20 November 2026 in die Gauteng hooggeregshof aangehoor sal word. Gemeentes en lidmate word versoek om ten behoewe van ons saak ernstig te bid en finansieel ruim by te dra om hierdie saak van harte te ondersteun. Die einde is in sig!

**KENNISGEWINGS**
**DRUKWERK**
Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com